Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | Desember 2020

AfriForum Tydskrif



## #Gemeenskapskrag

ISSN 2313-1144

9 772313 114002

R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede



# Gemeenskapskrag oorkom altyd uitdagings

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

@kalliekriel

Die afgradering van Suid-Afrika se kredietstatus, misdaad, werkloosheid, korrupsie, wanbestuur, staatsverval, druk op Afrikaans as openbare taal en polariserende uitsprake deur politici is maar enkele van die uitdagings wat inwoners van dié land tans moet trotseer. Pleks daarvan om mismoedig oor hierdie probleme te word, is dit belangriker om die vraag te vra: Hoe kan ons ten spyte hiervan vir ons en ons nageslag 'n beter toekoms skep waar ons blywend vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika kan voortbestaan?

Die vermoë van minderheidsgemeenskappe soos Afrikaners om grootskaalse politieke verandering by die stembus mee te bring is relatief beperk. Ons beskik gelukkig wel oor gemeenskapskrag, wat onder meer uit kundigheid, deursettingsvermoë en sterk gemeenskapsinstellings bestaan, om selfstandig 'n groot sukses te maak van dit wat ons self aanpak, ongeag die doen en late van die owerheid. Hierdie vermoë om deur die krag wat in ons gemeenskappe lê selfstandig 'n toekoms te bou, bied hoop.

Ons voorgeslagte het met onder meer die Helpmekaarbeweging gewys watter krag daar in gemeenskappe lê wat saamstaan en doelgerig aan selfdoenoplossings werk. Die feit dat meer as 264 000 lede en hul gesinne reeds deel van AfriForum is en nagenoeg gesamentlik 500 000 gesinne deel van die Solidariteit Beweging se onderskeie instellings is, beteken dat ons as Afrikaners nou in groter getalle saamstaan as enige ander tyd die afgelope paar dekades. Die krag wat hierin opgesluit is en tans op groot skaal ontsluit word, beteken dat die uitdagings ons beslis nie sal onderkry nie.

Ons moet egter steeds besef dat enkelinge meer kwesbaar is vir die probleme in die land, maar dat die vestiging van sterk, selfstandige gemeenskappe aan ons die noodsaaklike ankers bied wat dit vir ons en ons gemeenskappe moontlik maak om deur selfbestuur volhoubaar vooruit te gaan – ten spyte van die onstuimige see van wanbestuur in die land.

Baie van die negatiewe gevolge van die COVID-19-inperking – soos byvoorbeeld die druk wat dit op mense se emosionele welstand, op gemeenskapsakeondernemings en op gemeenskapsaktiwiteite by skole en kerke geplaas het – het ook wéér bevestig dat elkeen van ons nie net 'n rondswerwende, losstaande enkeling is nie. Ons geborgenheid en vermoë om sinvol en volhoubaar te bestaan is ten diepste verbind aan ons gesinne, families, vriende, instellings en die gemeenskappe waarvan ons onlosmaaklik deel is. COVID-19 het rampspoedige nagevolge vir baie ingehou, maar die een ligpunt is dat dit ook 'n herlewing gebring het in mense se gebondenheid aan hulle gemeenskappe. Lees gerus elders in die tydskrif oor hoe AfriForum se aktiwiteite om gemeenskappe by te staan versnel het toe die res van die land bykans tot stilstand gebring is deur die regering se inperkingsregulasies.

Gemeenskapskrag is een van ons grootste bates en daarom sal die verdere vestiging en uitbouing van sterk, selfstandige gemeenskappe 'n groot bydrae lewer – nie net om die Afrikanergemeenskap en Afrikaans se sinvolle voortbestaan te verseker nie, maar ook om vir ons en ons nageslag 'n gemeenskapslewe en geborgenheid van gehalte te verseker.

AfriForum, die ander instellings van die Solidariteit Beweging, Afrikaanse skole en verskeie ander gemeenskapsinstellings het oor die afgelope jare deur die daarstel van 'n prakties uitvoerbare selfbestuurstrategie, roepingsgedrewenheid, die vestiging van 'n sterk uitvoerende vermoë en genade van Bo reusevordering gemaak om 'n toekoms vir Afrikaners, Afrikaanssprekendes en minderhede oor die algemeen te help skep. Dit is 'n toekoms wat gebou word op die grondslag van wedersydse erkenning en respek tussen die onderskeie kultuurgemeenskappe in die land en streek.

Omstandighede vereis dat hierdie pogings beduidend versnel moet word. Om dit reg te kry sal gemeenskappe waarin Afrikaners in groot genoeg getalle voorkom om volhoubare selfbestuurprojekte in hul plaaslike gemeenskap te kan uitvoer (ankergemeenskappe), selfstandig eienaarskap van hul gemeenskap en toekoms moet neem, met die ondersteuning van AfriForum, die Solidariteit Beweging se instellings, Afrikaanse skole en kerke, asook ander sterk rolspelers in die gemeenskap. AfriForum is tans besig om voorstelle te ontwikkel oor wyses waarop ons die krag van ons gemeenskappe kan ontsluit deur 'n neutrale platform te skep waar gemeenskapsorganisasies op 'n gelyke basis hulle aktiwiteite kan koördineer tot voordeel van ons plaaslike gemeenskappe. Meer inligting hieroor sal in die volgende uitgawe van *Forum Tydskrif* gegee word.

Kom ons gaan 2021 met ywer tegemoet. Met die genade van Bo en die krag van ons gemeenskappe kan, wil en sal ons daarin slaag om 'n toekoms vir ons kinders te skep.

